99/87

# DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## APPèLAFDELING

In die saak tussen

DAVID TSOTETSI ......... APPELLANT NO 1

THOMAS KHONZANI ......... APPELLANT NO 2

en

DIE STAAT .......... RESPONDENT

CORAM: VILJOEN, HEFER *et* JACOBS ARR.

AANGEHOOR : 21 SEPTEMBER 1987.

GELEWER : 24 SEPTEMBER 1987.

---

## U I T S P R A A K

HEFER AR :

Gedurende die tweede helfte van 1984 is swart

woondorpe.......2

woondorpe, soos Kathlehong aan die Oos-Rand, deur onluste geteister. Voorvalle waarin motorvoertuie deur onlusmakers met klippe bestook en aan die brand gesteek is, was volop. So 'n voorval het op 4 Oktober plaasgevind toe 'n groep van ongeveer vyftien jeugdiges die motor van 'n verpleegster, wat sy kort vantevore vir veiligheid by 'n vriendin se huis in Kathlehong geparkeer het, met klippe verniel en gedeeltelik verbrand het. Die twee appellante was lede van die groep. Hulle is op heterdaad betrap en in 'n nabygeleë huis gearresteer waarheen hulle gevlug het toe die polisie op die toneel verskyn het. Die gevolg was dat hulle in 'n Streekhof skuldig bevind is aan openbare geweld en albei gevonnis is tot ses jaar gevange-

nisstraf........3

nisstraf waarvan een jaar voorwaardelik opgeskort is. Nadat hulle onsuksesvol geappelleer het na die Transvaalse Provinsiale Afdeling kom hulle nou in hoër beroep teen die vonnis.

Appellante se advokaat het geen mistasting aan die kant van die landdros by die oplegging van vonnis aan ons uitgewys nie. Sy betoog was eenvoudig dat die vonnis, in die omstandighede waaronder die oortreding gepleeg is, buitensporig swaar is. Ten einde ons te oorreed dat dit die geval is, het hy gewys op die appellante se persoonlike omstandighede en aangevoer dat dit nie in belang van die gemeenskap is dat hulle vyf jaar in die gevangenis moet deurbring nie. Dit is aan ons voorgehou

dat ..........4

dat hulle by hulle ontslag heel waarskynlik nie werk sal vind nie en 'n ekonomiese las vir die samelewing sal wees en hulle boonop waarskynlik tot ander misdade sal wend ten einde aan die lewe te bly. Beide appellante was twintig jaar oud ten tyde van die misdaad. Hulle relatiewe jeugdigheid is as 'n verdere versagtende faktor bestempel. Eerste appellant was destyds 'n skolier. Hy het aan die verhoorhof te kenne gegee dat hy graag sy studies sou wou voortsit. Dit is nog 'n rede, so is betoog, waarom hy 'n betreklike ligte vonnis verdien het.

Hierdie betoog is nie geheel sonder meriete nie. Nogtans regverdig dit, myns insiens, nie inmenging met die vonnis nie. Uit die aard van die saak het appel-

lante se advokaat die faktore wat in hulle guns tel beklemtoon maar min aandag gegee aan die faktore wat teen hulle tel. Die misdaad waaraan hulle skuldig bevind is, is ernstig. Openbare geweldpleging, deur wie ookal gepleeg, kan nooit gering geskat word nie. Die eiendomsverlies wat gewoonlik daarmee gepaard gaan en die lewensverlies wat dit soms tot gevolg het, is welbekend. In die onderhawige geval is die omvang van die insident waarby die appellante betrokke was, aansienlik beperk deur die tydige tussenkoms van die polisie maar dit het nogtans tot gevolg gehad dat 'n onskuldige wetsgehoorsame inwoner van die gebied wat met haar dagtaak besig was, ongeveer R6 000 skade berokken is. Boonop was dit, soos reeds

aangedui, nie 'n geïsoleerde insident nie. Die feit dat dit tydens 'n toestand van onlus plaasgevind het waarin die gemeenskap as geheel ontsaglike skade gely het, kan nie buite rekening gelaat word nie. Natuurlik kan die appellante nie gestraf word vir enigiets meer as dit waaraan hulle self aandadig was nie, maar die belange van die gemeenskap is een van die oorwegings by straftoemeting en dit kom sterk na vore in 'n geval soos hierdie. Die gemeenskap is geregtig op beskerming en, vir sover die howe betrokke is by die verlening daarvan, kan dit nie geskied deur die oplê van ligte vonnisse nie.

Dit is waar dat die appellante betreklik jonk was toe die misdryf gepleeg is maar hulle was nie meer

kinders nie en daar is in elk geval geen aanduiding in die getuienis dat hulle uit jeugdige voortvarendheid of weens intellektuele onrypheid deelgeneem het aan die onluste nie. Wat hulle werklike beweegredes was, is onbekend. By die verhoor het hulle verkies om deur die leuenagtige ontkenning van betrokkenheid hulle aandadigheid te probeer verbloem instede van die hof in te lig oor die redes daarvoor.

Eerste appellant se *ipse dixit* aan die verhoorhof dat hy 'n skolier was en graag sy studies wou voortsit dra ook nie veel gewig nie. Dit blyk nie uit die oorkonde nie maar sy advokaat het ons meegedeel dat eerste appellant (volgens sy inligting) in matriek was en daar is

geen rede waarvan ek bewus is, of wat sy advokaat kon aanvoer, waarom hy nie sy studies later of selfs in die gevangenis kan voortsit indien dit by hom erns is nie.

Dat die appellante 'n stewige vonnis opgelê is, is ongetwyfeld so. Met die voorafgaande opmerkings in gedagte, meen ek egter nie dat daar so 'n wanverhouding is tussen die vonnis wat hierdie Hof sou oplê en die vonnis wat deur die landdros opgelê is, dat inmenging met laasgenoemde geregverdig is nie.

Die appèl word afgewys.

---

J J F HEFER AR.

VILJOEN AR )
STEM SAAM.
JACOBS AR )